Een van die streeksinodes van ons kerk hou byeenkomste binne die sinodale gebied waarheen lidmate genooi word. Die doel van die byeenkomste is om te hoor wat leef in lidmate se harte en waarmee kan die kerkverband help. Die byeenkoms word ingerig aan die hand van die luistersiklus. Sommer heel aan die begin van die byeenkoms staan ‘n lidmaat op en lys ‘n hele aantal sake wat, volgens hom, tans skeefloop in die kerk en waaraan hy graag wil hê die byeenkoms moet aandag gee.

Die groep besluit egter om voort te gaan met die gesprek volgens die ritme van die luistersiklus. Baie min van die persoon se aanvanklike klagtes het weer deur die loop van die dag ter sprake gekom. Die groep het dit ook duidelik deur die loop van die dag laat blyk dat ons daar is om saam te luister en nie om met mekaar in debat te tree nie.